NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA
Posbus 2368
Pretoria 0001
Swaanstraat 129
East Lynne
Pretoria 0186
www.nhka.org

2 Junie 2026

VAN: Kommissie van die Algemene Kerkvergadering

AAN: Ringskribas
Gemeenteskribas

**OMSENDSKRYWE NR 24/2026**

Geagte broers en susters

## KERKSPIEËL: GEMEENTEVRAELYS 2026

Hierdie opname geskied in opdrag van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering soos besluit op die vergadering van 1 tot 3 Junie 2022, en in samewerking met die NG Kerk en die Departement Praktiese en Missionale Teologie aan die Universiteit van die Vrystaat. Aangesien die kerkordelike reëlings in die Hervormde Kerk en die NG Kerk nie altyd dieselfde is nie, moet u asseblief daarop let dat *al* die opsies wat in die vraelys genoem word nie noodwendig in die Hervormde Kerk moontlik is nie. Die terminologie wat in die twee kerke se bediening gebruik word, is ook nie altyd identies nie. Ter wille van samewerking in hierdie navorsing is al die moontlikhede wat in één van die twee kerke gebruik word, nietemin in die vraelys behou.

Die doel van die vraelys is om 'n beeld van u gemeente se huidige (soos op 1 Mei 2026, tensy anders vermeld) bedieningspatroon en situasie te kry. Elke gemeente se inset is belangrik. Daar word ook oop vrae gevra. Die vrae, soos alle ander vrae, moet met groot sorg ingevul word.

**Wie vul die vraelys in?**

Dit is die verantwoordelikheid van die leierskap van die gemeente om die vraelys in te vul. Die finale aanlyn vraelys kan deur een persoon ingevul word nadat die nodige inligting verkry is.

**Inligting wat benodig word**

* Lees die aangehegte PDF deeglik deur en verseker dat die nodige inligting van al die relevante persone met kennis oor die saak verkry word.
* Getalle word in die volgende afdelings benodig: 1 (lidmate), 2 (poste), 4 (erediens) en 7 (jeug).
* Persentasies oor die begrotingverdeling word in Afdeling 2 gevra.
* In alle afdelings (behalwe 1) word navraag gedoen oor hoe sake/bediening in die gemeente behartig word. Verseker dat kundige persone (predikant, kerkraadslid, ensovoorts) die nodige inligting verskaf.

**Aanlyn invul van die vraelys**

* Klik op die skakel en begin deur die <u>gemeentenaam</u> en <u>gemeentekode</u> (sien die aangehegte lys) in te vul. Die gemeentekode is 'n verpligte veld en moet korrek ingevul word, byvoorbeeld 0000ALBE1.
* Vul asseblief sover moontlik al die vrae wat op dié gemeente van toepassing is in.
* Let asseblief daarop dat die vraelys op een slag volledig ingevul moet word.
* Onthou om aan die einde te klik op *submit*.

Die skakel vir die aanlyn vraelys is https://surveys.ufs.ac.za/evasys/online.php?p=NHKA2026.

Die vraelys moet asseblief **nie later nie as 16 Augustus 2026** ingedien word.

**Navrae:** Indien u enige probleme met die invul van die vraelys ondervind, kan u gerus vir dr Johan Bester, die NHKA-koördineerder, kontak by 082 455 1636 of johansgb@nhk.co.za, of Karen Breedt by 073 571 1074 of karen@nhk.co.za.

Ons maak staat op u samewerking.

Beste wense,



**Dr WC van Wyk**
***Sekretaris: Kommissie van die Algemene Kerkvergadering***
***Namens Skriba: Ds JM Bevolo-Manders***

082 339 2332
wouter@nhk.co.za